NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER Afdelings:

Afdeling A	Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B	Opsomming (10 punte)
Afdeling C	Poësie (30 punte)
Afdeling D	Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

N12AFRF–1–A

IEB Copyright © 2025

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Ons kyk na die jeug vir energie

***Die land is in die moeilikheid omdat ons regeer word deur 'n span ou mans met uitgediende ideologie*, skryf Koos Kombuis.**

- **Koos Kombuis is 'n afgetrede popster (*retired pop star*).**





1 Hierdie naweek vier ons Jeugdag en Vadersdag in Suid-Afrika. Altwee dae is vir my belangrik: vir ons land se gesondheid én ook in my eie lewe. Ek was self jonk en deel van die jeug wat ons land wou verander. En nou is ekself ook 'n vader. Toe ek jonk was, wou ek deur my musiek 'n rol speel om ons land te verander. Vandag besef ek (as ouer man) hoe die rolle omgeruil het: nou soek ék (en baie mense soos ek) na goeie voorbeelde en leiding by vandag se jongmense. Die jeug kan hoop en leiding vir 'n gesonde land bring. Ons wil na 'n gesonde en hoopvolle jeug kyk en luister.

2 Ons het vandag nuwe idees baie, baie nodig. Ek dink ons land is nou in die moeilikheid! Dit was in die laat 1980's ook so. Ons land is in die 1980's deur 'n klomp ou mense met konserwatiewe ideologie regeer. Dit lyk vir my of dit nou weer so is met vandag se regering. Die regering se planne werk nie. Daar is nie dissipline nie. En dit is outyds. Die ideologie van die 1980's-regering het mense se vryheid beperk én baie lyding veroorsaak. Die jongmense van daardie tyd het toe begin praat en optree: hulle wou wegbeweeg van die konserwatiewe na die meer liberale. 'n Mens kon dit so duidelik in hulle musiek hoor. Hulle het gesing en gedroom van vryheid. Vandag sien ek wel voorbeelde van vryheid in ons land, maar daar is ook anargie en chaos – en dit maak my bekommerd!

3 Dit bring my by anargie en energie. Die regering van vandag se ideologie is nie dieselfde as hul dade en aksies nie! Ek wil nou baie graag sien hoe vandag se jongmense (soos die jongmense in die 1980's!) ook hulle stemme laat hoor en goeie dinge doen. Ons land het nou 'n nuwe generasie met nuwe idees nodig wat ons land kan help. Die land moet verander: dit moenie meer 'n staat van anargie wees nie, maar 'n staat van wet en orde.

4 Ek glo vandag se jongmense is reeds besig om antwoorde te soek – en dit te vind! As ek om my kyk, sien ek so baie voorbeelde van jongmense wat hulself en hul omgewing probeer verbeter. Hulle studies en hulle harde werk bewys dit! En hulle doen dit dikwels in moeilike omstandighede, en ondanks (*in spite of*) 'n gebrekkige skoolstelsel.

5 Ons skuld dit aan ons kinders om hulle die ruimte te gee om die pendulum te laat swaai in 'n nuwe rigting: van anargie na "'n nuwe energie".

[uit **Die Burger** (17/06/2023) – artikel verwerk en aangepas]

IEB Copyright © 2025

Woordeskat:

Gesondheid – *health;* Jeug – *youth;* Uitgediende – *stale/old fashioned/of no more use;* Regering – *government;* konserwatief – *conservative/cramped;* Liberaal – *liberal* Regeer – *to govern;* beperk – *to limit;* lyding – *suffering;* gebrekkige – *limited*

VRAE:

1.1 Verwys na die titel en sê wat die skrywer graag wil hê as hy sê die jeug moet "energie" bring. (1)

1.2 Lees par. 1.

1.2.1 By wie soek die skrywer in vandag se tyd vir 'n goeie voorbeeld hoe om mooi te leef? (1)

1.2.2 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is: Die skrywer het nie kinders van sy eie nie. (1)

1.2.3 Haal **vyf opeenvolgende woorde** aan om jou antwoord by 1.2.2 te motiveer. (1)

1.3 Wat is die skrywer se grootste kritiek teen **beide** die regering van die 1980's én vandag se regering as hy praat van hoe hulle die land regeer? (1)

1.4 Haal **een woord** uit par. 2 aan wat sê dat die regering se werkswyse en planne nie in die moderne tyd pas nie. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter wat jy kies neer. Twee **negatiewe** gevolge (*outcomes*) van die konserwatiewe ideologie in die 1980's (volgens par. 2) was:

A Dit het almal in die land onvriendelik gemaak en niemand was ryk nie.
B Dit het vryheid weggeneem en mense het gely.
C Dit het al die ou mense laat arm voel en al die skoolkinders laat druip.
D Dit het die kuns en musiek laat uitsterf en mense het daaroor gelag. (1)

1.6 Watter tipe kunsvorm (*form of art*) het die jongmense van die 1980's, volgens paragraaf 2, gebruik om te sê hulle wil wegbeweeg van konserwatisme? (1)

1.7 Watter **positiewe kenmerk**, volgens paragraaf 3, wil die skrywer graag <u>in ons land</u> sien nadat die nuwe generasie nuwe en goeie idees ingebring het? (1)

1.8 Deur watter **twee positiewe dinge** kry die moderne jeug dit reg om hulself en hul omgewing te verbeter? (1)

[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 VISUELE BEGRIP

Bestudeer die prent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hier is 'n prent van 6 studente wat mekaar ná klas ontmoet sodat hulle op 'n skooluitstappie kan vertrek.



[Bron: Google images; Pinterest/Vecteezy]

2.1 Kyk spesifiek na die studente se **gesigsuitdrukkings**.
Watter aanduiding is daar dat hulle almal uitsien na die uitstappie? (1)

2.2 Kyk nou na die studente se **liggaamstaal**.
Wat dui aan dat student 2 bly is om haar maats te sien? (1)

2.3 Vyf van die studente gebruik dieselfde tipe item/voorwerp om hul skoolwerk in te dra. Wat word daardie item/voorwerp genoem? (1)

2.4 Watter bewys is daar in hierdie prent dat hierdie skool heel moontlik studente met spesiale behoeftes **insluit** by hulle skool en hulle aktiwiteite? (2)

2.5 **Wat noem** 'n mens dít wat student 1 op sy / haar / hulle gesig dra wat mens met jou sig help? (1)

2.6 Watter aanduiding is daar dat student 3 op daardie oomblik by daardie groep studente aangesluit het? (1)

IEB Copyright © 2025

2.7 Kies die KORREKTE antwoord:

Die plek waar hierdie studente nou bymekaarkom, is

A die skool se wetenskapklas.
B die skool se groentetuin.
C die skool se vierkant.
D die skool se eksamenlokaal. (1)

2.8 Lees die volgende stelling.

Die gebou (gemerk A in die prent) agter die studente is 'n ideale ruimte vir die skool se badkamers/toilette.

2.8.1 Besluit of jy met hierdie stelling saamstem of nie, en skryf slegs JA of NEE as jou antwoord. (1)

2.8.2 Gee 'n goeie rede vir jou besluit by 2.8.1. (1)
[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 INFOGRAFIKA – ROOSTER/SKEDULE

Bestudeer die persoonlike rooster van hierdie skoolstudent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

My skedule	Hou hierby!	
So.	My dag vir enigiets eet! 10:00 vm.: Bos toe vir piekniek. Middagete by oupa (moenie laat wees nie!) Vroegaand: Gaan deur week se skedule Voor slaaptyd: Pak vir die week	
Ma.	Begin nuwe dieet 6:00 vm.: Oefen voor skool 7:00 vm.: Probeer nuwe gesonde ontbyt 7:30 vm.: Vertrek skool toe 4:00–5:00 nm.: Terug by die huis > ek moet ekstra mooi fokus en my Wiskundeprojek klaarmaak!	
Di.	Lewer Wiskundeprojek in. Kry notas by James. 5:00 nm.: By die huis, maak ekstra toebroodjies vir môre!	
Wo.	3:00–4:00 nm.: Neem die ekstra toebroodjies skool toe vir ons OUTREACH 6:30 nm.: Skooluitstappie teater toe!	
Do.	3:00–3:40 nm.: Ná skool in mevrou King se klas is ekstra Wetenskapklas – doen verbeteringe van my foute in verlede week se vraestel!	
Vr.	Kry al my Engels-notas op datum Maak die week klaar op 'n goeie noot 2:30 nm.: Jippie! Dis naweek!	
Sa.	Wen my wedstryd en doen dit goed! Help ouers met huistake. En dan, die beste ding ooit: strand toe namiddag!	
Élke dag	Nota aan self: onthou om altyd seker te maak – hou ek by? Het ek alles gedek? Sport - JA/NEE Akademie - JA/NEE Kultuur - JA/NEE Sosiaal - JA/NEE Slimmer gewerk - JA/NEE Minder gestres - JA/NEE	

IEB Copyright © 2025

3.1 Noem EEN aktiwiteit wat hierdie student doen om seker te maak hy is goed voorberei vir die week. (1)

3.2 Noem EEN SKOOLTAAK waaraan die student in sy eie tyd en ruimte moet werk wat ekstra konsentrasie gaan vereis (*to require*). Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.3 Wat doen hierdie student om te help/by te dra tot sy skool se Gemeenskapsprojek (*Community Project*)? (1)

3.4 Wat doen hierdie student om te probeer verseker hy HERHAAL nie sy foute van 'n vorige akademiese eksamen nie? (1)

3.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die student is baie bly dat dit naweek is. (2)

3.6 Haal 'n sinsdeel aan wat sê dat branderplankry en in die see swem heel moontlik sy gunstelingaktiwiteite van die week is. (1)

3.7 By watter inskrywing wat nié net op een spesifieke dag gerig is nie, kan mens aflei dat hierdie student daarop fokus om 'n gebalanseerde lewenstyl te probeer leef? Noem ook wat hy doen om te verseker dat hy konstant daaraan bly werk. (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4 OPSOMMING VAN TYDSKRIFARTIKEL



[Bron: Google images]

- Lees die teks ("SONDER DIÉ SPESIALE MENSE SOU EK NIE GR. 12 SUKSESVOL KON VOLTOOI NIE") op die volgende bladsy.
- Die artikel gaan oor spesiale mense in 5 graad 12's se lewens en wat hulle by daardie persone geleer het.
- Som elke persoon se opmerking op deur te sê WIE elke graad 12-student se spesiale persoon is en WAT elkeen by daardie persoon gesien en geleer het.
- Jy kan elke persoon se antwoord in **EEN of TWEE volsinne** neerskryf.
- Elke persoon se antwoord moet genommer word.
- Nommer jou antwoorde van **1–5**.
- Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** bevat.
- Begin jou antwoorde soos volg:
  1 Jasmine se persoon is …
  2 Svinurayi se persoon is …
  3 Erin se persoon is …
  4 Raeeza se persoon is …
  5 Sasha se persoon is … (hierdie woorde tel **nie** as deel van jou woordtelling **nie**!)

Onthou:

- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie.
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- dat elke hoofpunt/antwoord EEN of TWEE volsinne mag wees en moet sê **wie** die spesiale persoon is, en **wat** die graad 12-persoon by daardie persoon gesien en geleer het.
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy met jou opsomming klaar is.

IEB Copyright © 2025

SONDER DIÉ SPESIALE MENSE SOU EK NIE GR. 12 SUKSESVOL KON VOLTOOI NIE

'n Paar graad 12's het vir **Kobie Kornelis** vertel wie hulle inspireer en wat hulle by daardie mense gesien en geleer het.

Jasmine (18) se beste vriendin is haar inspirasie. "Sy leef met soveel moed en dapperheid!" Haar vriendin het baie uitdagings, maar sy byt vas en druk deur; boonop wil sy ook uitstyg en dit beïndruk Jasmine.

Svinurayi (19) het eindelose respek vir "die een en enigste God". Hy sê sy Skepper ondersteun hom die meeste van almal om hom. Hy voel altyd daardie beskerming en hulp. Hy leer ook in sy geestelike verhouding hoe hy "die beste weergawe" van homself kan wees.

Vir Erin (17) is haar ma "baie beslis" haar rolmodel. Sy besef hoe empaties haar ma is. Sy noem haar ma 'n "omgeemens" omdat ander mense altyd haar bystand en hulp kry. Dit inspireer Erin om meer vir ander mense om te gee, en sy sien by haar ma hoe lekker dit 'n mens kan laat voel.

Raeeza (18) sê haar uitstaanpersoon is haar "supersterk" ma. Haar ma wys haar hoe iemand lyk wat nooit moed opgee nie. Haar ma staan altyd sterk en trots. Haar ma laat haar ook nie afsit as dinge teen haar werk of moeilik is nie.

Sasha (17) bewonder en komplimenteer een van haar baie spesiale vriende in haar vriendekring. Sy noem veral haar vriendin se krag en positiewe houding waarmee sy alles aanpak. Haar vriendin verloor nooit kop nie. Sy doen alles met 'n glimlag. Sy is ook hope pret.

[Bron: teks verskaf deur skrywer]

249 woorde

10 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Sondagaande – *Fanie Viljoen*

die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker
hulle draai eers rond
hoog bo die stad se woonsteldakke
maar mettertyd sirkel hulle laer, al laer
en sink neer op die krom lamppale
vanwaar hulle met skerp oë by vensters kan intuur
na die prooi wat elke week sielalleen voor Sondagaande staan

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Kyk na die **formaat/uitleg** van die gedig.

5.1.1 Wat is die **vorm** van hierdie gedig? (1)

5.1.2 Noem een kenmerk van hierdie tipe vorm (jou antwoord by 5.1.1) van gedig. (1)

5.2 Dink spesifiek aan die **titel** van die gedig en die **atmosfeer** wat beskryf word.

Watter tipe gevoel word in hierdie gedig met Sondagaande geassosieer? (1)

5.3 Haal **2 opeenvolgende woorde** aan wat suggereer dat die roofvoëls van baie ver af kom. (1)

5.4 Die beweging van die roofvoëls word in versreël 4 beskryf deur **herhaling** ("sirkel hulle laer, al laer"). Watter gevoel/effek op die mense na wie die roofvoëls kyk, word deur hierdie herhaling beklemtoon? (1)

5.5 Kies die antwoord wat **NIE PAS NIE**:

Die **beeld** wat opgeroep word deur "krom lamppale" (versreël 5) is

A 'n beeld van 'n moeë gevoel.
B 'n beeld van 'n swaarmoedige gevoel.
C 'n beeld van 'n ligte en vrolike gevoel.
D 'n beeld van 'n bang en angstige gevoel. (1)

5.6 Hoe sluit die gebruik van die meervoud in "Sondagaande" (die titel) effektief aan by die woorde "elke week" (versreël 7)? (1)

IEB Copyright © 2025

5.7 Lees die volgende stelling en beantwoord dan die vrae.

Die manier waarop die roofvoëls na (onder andere) die woonstelbewoners kyk, laat daardie mense na wie hulle kyk, rustig voel.

5.7.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

5.7.2 Motiveer jou antwoord in jou <u>eie woorde</u> deur te verwys na die betekenis van "intuur" (versreël 6). (1)

5.8 Haal **een woord** uit die gedig aan wat gebruik word vir iets/iemand wat gejag/geteiken word. (1)

[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Touloper – *Fanie Viljoen*

die storms woed weer in ons huis vandag
maar vol durf klim ek op die tou
voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
verby die verwyt-winde van
het jy al weer
ek het mos gesê
wat het jy gedoen
gekwelde oë kyk vir my van doer onder
ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
my tou web tussen
mure en deurhandvatsels
familiefoto's en almanakke
blitsende tv-beelde en internetkonneksies
tot by die tuinhek
ek is hoog bo die grond
weg van alles behalwe die wind
maar ek dink nie daaraan nie
ek hou my oog op die tou
ek balanseer my lewe
en voet vir voet skuif ek vorentoe
deur die storm

[Bron: Toulopers: Verse vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Kyk aandagtig na die **titel** van die gedig.

Skryf slegs die **woord** neer wat die onderstaande sin korrek sal voltooi:

Wanneer 'n mens op 'n styfgespande tou probeer loop, moet jy jouself goed kan ... . (1)

6.2 Sê in jou eie woorde wat die <u>proses</u> van touloop vir die touloper in hierdie gedig <u>moeilik maak</u>. (1)

IEB Copyright © 2025

6.3 "maar vol durf klim ek op die tou" (versreël 2)

Die "ek" in die aanhaling hierbo is 'n professionele touloper wat praat oor sy moeilike werk as 'n sirkusarties.

6.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.3.2 Gebruik jou eie woorde om jou antwoord te motiveer. Verwys na **wie** hierdie spesifieke touloper is, sowel as die touloper **se lewe**. (2)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter neer wat jy kies.

"*het jy al weer*
ek het mos gesê
wat het jy gedoen" is

A woorde uit die blitsende tv-beelde.
B woorde wat die gesin vir mekaar sê.
C woorde uit die internetkonneksies.
D woorde uit die familiefoto's en almanakke. (1)

6.5 Gee 'n goeie rede waarom die "tuinhek" as 'n sterk **simbool van vryheid** vir die spreker in hierdie gedig gesien kan word. (1)

6.6 Daar is baie voorbeelde van **enjambement** in die gedig. Hoe sluit dit aan by die beeld/beelde in die gedig? (1)

6.7 Kyk weer spesifiek na versreël 3 en versreël 20. Verduidelik die **progressie** in die persoon se voetbeweging. (2)
[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

Ek kan nie meer onthou nie – Stephan Bouwer

Vanaand
na al die maande
weet ek dat ek jou vergeet het
is ek weer vry

ek kan nie meer jou groen oë onthou nie
ek kan nie meer jou swart hare
en al die krulletjies op jou voorkop onthou nie
ek kan nie meer die twintig lagplooitjies
om jou oë onthou nie
ek kan nie eens meer die vlekkie
op jou maag onthou nie

weet jy
ek kan niks meer onthou nie

[Bron: Explore Afrikaans]

7.1 Reël 1 ("Vanaand") is 'n voorbeeld van **alleenplasing**. Gee 'n goeie rede waarom jy dink die digter daarvan gebruik maak. (1)

7.2 Haal **2 opeenvolgende woorde** aan wat suggereer dat die spreker baie seker van sy/haar saak is. (1)

7.3 Gee een goeie **rede** waarom jy dink die spreker nie die geliefde se naam noem nie. (1)

7.4 Noem twee verskillende dinge van die persoon se gesig wat die spreker sê hy nie meer kan onthou nie. (2)

7.5 Waarom, dink jy, noem die spreker spesifiek "die vlekkie/op jou maag"? (1)

7.6 Vergelyk die **titel en die slotreël** van die gedig.
Wat is opvallend (*noticeable*)? (1)

7.7 Verduidelik die **ironie** as jy die inhoud van strofe 2 vergelyk met wat die spreker in versreël 13 sê. (1)

7.8 Kyk mooi na die formaat / vorm / uitleg van die gedig. Dink dan aan dít wat die spreker probeer sê. Hoe sluit die **formaat** van die gedig aan by die **boodskap** van die gedig? (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Die onderstaande taalsinne is losweg op die tema van GOEIE VRIENDSKAPPE gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: Google images]

8.1 Ek het goeie vriende. Ek voel nie eensaam nie.
Aangesien …. (1)

8.2 My vriendin vergeet altyd my verjaardag.
Nee, …. (1)

8.3 Ek en my vriende is saam op universiteit.
Oor twee jaar …. (1)

8.4 'n Mens moenie ander mense seermaak nie.
'**n Mens hoef nie** ….. (1)

8.5 John se vriend sê: "Jy is vir my 'n steunpilaar."
John se vriend sê dat …. (1)

8.6 My skoolmaat herinner my daaraan dat ons hard moet leer.
Twee weke gelede …. (1)

8.7 Ek respekteer my beste maat, want hy het so baie integriteit.
Ek respekteer my beste maat omdat…. (1)

8.8 Die vriendelike gr.12-student troos die huilende gr. 8-student.
Die huilende gr. 8-student ….. (1)

8.9 'n Goeie vriend ondersteun altyd sy maats.
'n Goeie vriend behoort ….. (1)

8.10 Dit is soms moeilik. Ek sal tog my bes probeer.
Al … (1)

8.11 Dit is my vriend. Ek het jou van my vriend vertel.
Dit is my vriend van wie … (1)

8.12 Ek is baie dankbaar wanneer jy my so baie help.
Verlede kwartaal … (1)

[12]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat losweg op die tema van GOEIE VRIENDSKAPPE gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord neer.

GOEIE VRIENDSKAPPE



[Bron: Google images]

Goeie vriendskappe is een van die heel **9.1 (goed – gee die oortreffende trap)** dinge in die lewe. Jy moet nooit te kwaad **9.2 (met / vir / tot – kies die korrekte voorsetsel)** jou vriende raak oor klein **9.3 (probleemtjies / probleemkies / probleempies – kies die korrekte verkleining)** nie – en onthou om **9.4 (elke dag – gee een woord)** mekaar te **9.5 (tel / getel / vertel – kies die korrekte woord)** dat mens mekaar moet waardeer. Daar gebeur immers so gereeld sulke **9.6 (exciting – gee die korrekte Afrikaanse woord)** dinge en mens moenie energie mors op **9.7 (negatief – gee die korrekte vorm van die woord)** energie nie. Maak 'n keuse om op die goeie dinge in die **9.8 (lief / lewe / lyf – kies die korrekte woord)** te fokus, dan sal die groter probleme nie so massief voel nie. Een van my **9.9 (favourite – gee die korrekte Afrikaanse woord)** gespreksonderwerpe is om met maats oor hulle unieke **9.10 (lewe + ideale – gee een woord)** te praat. Dit **9.11 (inspirasie – gee die werkwoord)** my wanneer ek na ander mense se fantastiese **9.12 (toekomsplan – gee die meervoud)** luister. Ek en my beste vriende is alreeds **9.13 (12 – skryf die getal uit)** jaar lank goeie maats. Ons leer baie **9.14 (in verband met – gee die korrekte afkorting)** die wêreld waarin ons leef en wat dit beteken om 'n goeie jong Suid-Afrikaanse burger te wees as ons so met mekaar oor alles kommunikeer. Oor 'n paar jaar sal ons een vriendin wat politieke wetenskappe gaan studeer, seker **9.15 (baie beroemd – gee die intensiewe vorm)** wees vir al die werk wat sy in die politieke arena gaan doen. Sy het haarself reeds vroeg op skool **9.16 (sterk – gee die vergrotende trap)** as ons ander uitgespreek oor ernstige internasionale kwessies.

16 × ½ = **[8]**

IEB Copyright © 2025

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur wat op die prent gebaseer is.
- Voer die instruksies uit wat by elke situasie gevra word.
- Skryf elke keer **net die woorde** neer **van die persoon wat praat**. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet tussen **15–20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling elke keer neer te skryf.
- Die respons mag uit meer as **een sin** bestaan.
- Jy mag **nie** die **vetgedrukte woorde** in jou respons gebruik nie.
- Laat 'n **reël oop** tussen jou antwoorde.
- Moenie frases direk uit die instruksies oorskryf nie.



[Bron: Google images]

10.1 Jy bel jou beste vriend en wil hierdie maat **vriendelik groet** en **uitnooi** na **waar en wanneer** julle vir 'n spesiale geleentheid sal ontmoet. Wat sê jy vir hierdie maat? (2)

10.2 Jy is **baie bly** nadat jy fantastiese nuus ontvang het oor jou **studiekursus en blyplek** vir jou eerste jaar van universitieit. Jy besluit om vir jou ouma 'n kort boodskappie daaroor te skryf. Skryf jou woorde neer. (2)

10.3 Jy kry jou maat wat slegte nuus ontvang het, **baie jammer.** Nou stuur jy 'n telefoonboodskap van **goeie wense**. Wat sê jy vir hierdie maat? (2)

10.4 Jy **voel ongemaklik** oor 'n onaangename ding wat iemand in julle vriendekring oor 'n ander mens gesê het. Skryf 'n **beleefde, maar ferm boodskap** aan daardie persoon sodat dit hopelik nie weer gebeur nie. (2)

10.5 Jy **is bekommerd** oor jou maat wat sukkel met 'n moeilike vak voor die eksamen en daarom besluit jy om 'n **boodskap van motivering** vir daardie maat te skryf. Skryf jou woorde neer. (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025